

Sing vooraf staande: Psalm 146:8 (p. 701)

- 8 Dis die God der leërmagte, / troue Bondsgod van weleer,
God van wordende geslagte, / tot in ewigheid die HEER.
Sion, sing die God ter eer, / prys sy grootheid, loof die HEER!

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die
kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 33:6 (p. 159)

- 6 Die HEER se raad word nooit gekeer nie; / dit sal bestaan in ewigheid.
Teen sy besluit is geen verweer nie; / bestendig duur dit vir altyd.
Salig wie tevore / deur Hom is verkore / as sy erf en lot;
wie so hoog geëer is, / dat dié HEER húl HEER is / en dié God húl God.

Geloofsbelydenis: Apostolicum/Nicea

Wet

Psalm 25:3 (p. 116)

- 3 Dink aan my in mededoë / as ek biddend voor u pleit;
milde hande, vriend'like oë / is by U van ewigheid.
Dink nie aan die sondes meer / van 'n yd'le jonkheidslewe;
wil tog, om u goedheid, HEER, / ál my sondes my vergewe!

Gebed

Psalm 102:11 (p. 501)

- 11 HEER, die aarde en hemelboë / is die werk van u vermoë/
Hul is saam, in hul verband, / kunswerk van u wyse hand.
Maar hul almal moet verderwe, / U alleen, U sal nie sterwe;
soos 'n kleed sal hul verslyt, / maar U bly in ewigheid.

Skriflesing: Hebreërs 1

Teks: Hebreërs 1:12b

... en hulle sal verander word, maar U is dieselfde, en u jare het geen einde nie. (Hebreërs 1:12b AFR53)

Ons raak so gewoon aan die Here dat ons later nie altyd meer besef hoe groot en magtig
Hy werklik is nie.

- Dit het dan die gevolg dat ons baie keer traak-my-nie-agtig word en dat die ware vrees vir die Here by ons wegraak of verswak.

Daarby is daar nog iets wat ons by die luister van hierdie preek moet begryp:

- Die Ou Testament het nog presies soveel krag as die Nuwe Testament.
- Baie mense lees nie meer die Ou Testament nie en in sekere van ons kerke is daar al mense wat leer dat die Ou Testament se tyd verbygegaan het – dit het glo nie meer waarde nie.

Vir al hierdie dinge wat regtig pla in ons lewe, is die Hebreërbrief baie belangrik, want:

- Dit leer ons weer 'n keer hoe groot en almagtig die Drie-enige God is.
- Terselfdertyd leer dit ons ook hoe vervleg die Ou en die Nuwe Testament is.
- Geen mens wat nie die Ou Testament ken, sal die Hebreërbrief kan lees en verstaan nie.

Die boek begin met 'n verwysing na die Ou Testament.

- God het in die ou tyd baie met sy mense gepraat en Hy het dit ook op verskillende maniere gedoen.
- Eers het die Here gepraat deur die profete, maar nou praat Hy deur die Seun: Jesus Christus.
- Die Here praat dus nog alle eeue deur met die mense.

In ons tyd het die stem van die Here net baie ernstiger geword.

- Dis eintlik ironies, want ons lewe in die tyd van verval – soos die Bybel dit self noem – en dit is die tyd waarin God die ernstigste praat.
- Toe daar nog baie tyd was. het die profete gepraat; noudat die tyd byna gedaan is, het ons die getuienis van die Here Jesus.

Prakties maak dit nie veel verskil aan die mense as ons so na hulle kyk nie.

- Maar dit behoort 'n groot verskil te maak, veral as ons beseft dat die einde besig is om nader te staan, want hierdie Jesus Christus is die erfgenaam van letterlik alles.
- Kyk net na die inhoud van vers 2. Die belangrikste wat God wil sê staan eerste:
 - God het Jesus aangestel as die erfgenaam van alles.
 - Daarna volg die tweede belangrikste saak vir die oomblik, naamlik dat God deur Jesus Christus alles tydens die skepping gemaak het.

Ons moet die laaste deel van vers 1 en die eerste deel van vers 2 saam lees.

- Dit is 'n woordspeling wat baie belangrik is: die laaste dae ... en Jesus wat as erfgenaam aangestel is.
- Ons hoor baie duidelik in hierdie woordspeling die wederkoms, en wat daar gaan gebeur.

Ons moet net eers duidelikheid kry oor die begrip *erfgenaam*.

- 'n Erfgenaam is iemand wat iets erf wanneer iemand anders sterf.
- Hier is daar nie sprake van nie, want God kan nie sterf nie. Die teenoorgestelde is waar: die Erfgenaam sterf.

God erf dus sy eie besittings en dit is reg, want God is een Wese en Hy kan op hierdie manier werk.

- Hy is verhef bo dit wat vir ons op 'n menslike manier aanvaarbaar is.
- Net die feit dat dit vir ons gedeeltelik onbegryplik is, behoort ons al tot vrees en versigtigheid teenoor God te stem.

Die Here Christus erf die hele skepping: dit is baie duidelik uit die skakeling wat die Here hier maak tussen die laaste dae en die feit dat Jesus die hele skepping tot stand gebring het.

- Vers 3 gee nou 'n beskrywing van wie Hierdie Seun van God regtig is.
- In die ou vertaling staan daar dat Hy die *afskynsel* van God se heerlijkheid is en die *afdruk* van sy wese.

Die nuwe vertaling sê:

Uit Hom straal die heerlijkheid van God en Hy is die ewebeeld van die wese van God. (Hebreërs 1:3a AFR83)

Albei die vertalings is reg, al is die uitdrukkings verskillend.

Wat hier gesê word, is dat Jesus God is.

- Dit is een en dieselfde Wese. Die Ou Testament het al die Messias voorspel.
- Hy het gekom en Hy was toe niemand anders nie as God self. Die mense van die Ou Testament het geweet dat God die skepping dra en versorg en die mense van die Nuwe Testament weet weer dat dit Jesus was – so staan dit hier.
- Maar die mense hoef nie bekommerd te wees dat God doodgegaan het en dat 'n nuwe God oorgeneem het nie. Dit is steeds dieselfde God.

God noem Homself Jesus wanneer Hy die sonde wegneem – bepaaldelik die sondes van sy volk wat Hy wegneem.

- Hy het dit gedoen deur sy kruisdood.
- Eers staan hier dat hierdie dinge gedoen is deur sy magswoord en dan dat Hy aan die regterhand van die majesteit van die hoë hemel gaan sit het.

Albei die uitdrukkings vertel hoe onmeetbaar die krag van God – en dus van die Here Jesus – is.

- Die Here Jesus bewerk lewe, en teen sy majesteit is daar geen verweer nie.
- Hy breek die onreinheid van sy volk af weg en deurbreek die mag van die duiwel wat hierdie dinge oor die Here se volk tot stand bring!

In hierdie woorde hoor ons oordeel en genade.

- Genade vir die wat verlos is, maar verskriklike oordeel vir die wat deur sy krag vernietig word om die reinheid te bevestig.
- Hierdie eerste deel handel oor die Here Jesus se mag oor die skepping en die sonde wat reeds in die skepping tot stand gekom het.

Dan volg daar 'n tweede deel. Die Here Jesus is ook God oor die engele.

- Niemand moet onder die indruk kom dat daar iewers 'n geestelike mag is wat hom teen God kan versit nie – so iets bestaan net doodeenvoudig nie.
- Om dit te bewys, haal die skrywer van hierdie brief 'n gedeelte aan uit Psalm 45. Vers 8 en 9 is aanhalings wat net so uit die Ou Testament kom.

In Psalm 45 word 'n bruilof besing. 'n Koninklike bruilof – die van God se Seun. Die hele Psalm is dus van toepassing op Jesus Christus. Lees Psalm 45:7, 8:

U troon, o God, is vir ewig en altyd; die septer van U koninkryk is 'n regverdige septer. U het geregtigheid lief en haat goddeloosheid. Daarom het, o God, U God U gesalf met vreugdeolie bo U metgeselle. (Psalm 45:7, 8 AFR53)

Enige mens kan somer hoor dat hierdie verse net op die Here Jesus Christus alleen betrekking het, want Hy alleen is absoluut regverdig en net sy troon alleen is vir ewig en altyd.

Hierdie gedeelte preek al uit die Ou Testament dat God se regering nooit sal of kan skeefloop nie en dat Hy alles wat Hy doen, regmatig doen.

- Ons staan in hierdie ryk van die Here Jesus Christus.
- Maar ons moet daarteen waak om nie beperkend te dink oor die ryk van die Here Jesus Christus nie, want Hy gaan juis bo die perke van ons verstand uit omdat Hy God is.

Die Here Jesus se ryk is alles in die hemel en op die aarde en ook die beplanning oor letterlik alles.

- Die Here Jesus Christus se ryk word beplan volgens die uitverkiesing wat voor die skepping al plaasgevind het.
- Alles word elke dag in orde gehou deur sy almagtige krag.
- Hy gee lewe wanneer Hy dit goeddink en Hy neem dit weer weg wanneer die tyd daarvoor aanbreek.

Maar in hierdie ryk vernietig Hy ook die kwaad wat deur die duiwel en almal gewerk word wat die duiwel volg.

Dit gaan dus in die ryk van die Here Jesus oor genade en oor oordeel.

- En hierby gaan dit oor verantwoordelikheid.
- Dit gaan oor hoe ons ons burgerskap van sy koninkryk beleef.

Die engele word as 'n voorbeeld gegee.

- Die engele is geestelike wesens, maar selfs hulle moet die Here Jesus aanbid.
- Hulle is vir ons onsienlik, maar steeds is hulle ingesluit in die ryk van die Here Jesus.

Vers 9 vertel van die Here Jesus se salwing. Hier word verwys na Jesaja 61:1.

- Olie is die simbool van vreugde en van die werk van God die Heilige Gees.
- Die hele proses van salwing was om simbolies te verklaar dat God die gesalfde bekwaam maak vir sy amp.
- By die Here Jesus Christus gaan dit nie in die eerste plek om die salwing nie, maar op die salwing as die teken van sy koningskap.

Vers 10, 11 en 12 is 'n aanhaling van Psalm 102:26-28 en dit vorm 'n eenheid saam met vers 8.

- Wat die Here sê, is dit: Teenoor die verganklikheid van ons almal wat geskape is, staan die onverganklikheid van Hom wat ons geskape het.
- Die hemel lê voor Hom soos 'n groot doek – 'n kledingstuk wat vervang moet word en wat ook opgerol word.

Die beeld is die beeld van 'n kledingstuk uit die tyd van die Ou en Nuwe Testament.

- Hulle het hulle klere opgerol as hulle dit gebêre het en nie, soos ons, opgehang nie.
- Wanneer klere te gedaan geraak het, is dit weggegooi en met nuwes vervang.

So, sê die beeld, kan die Here die hemel oprol en die hele skepping vervang as dit te veel geslyt het.

- Maar God verander nie en Hy slyt ook nie.
- Die kontras is so tussen ons verganklikheid en die Here se onverganklikheid.

Ons moet natuurlik die hele hoofstuk in sy geheel bly onthou sodat ons sien dat die Here groot en onverganklik is oor die skepping, oor die engele en oor ons.

- Die Here Jesus is dus absoluut verhewe.
- Ons behoort te besef dat Hy net aanbid word soos wat Hy dit wil hê, en dat daar nie teenoor Hom teëgepraat word nie.

Dit beteken nie dat ons die Here so moet vrees dat ons in angs en verskrikking moet verval nie.

- Ons moet die Here ook in sy genade sien, want hierdie gedeelte maak 'n saak van ons verlossing.
- Vers 3: Jesus het ons verlos en toe sy majesteit ingegaan.

Die hele res van die hoofstuk staan in die teken hiervan om juis te sê dat Jesus ons kon verlos en inderdaad verlos het – sodat ons in ons verganklikheid kan weet om Hom behoorlik te aanbid.

Vers 13 beskryf bloot weer sy krag en heerlikheid.

- Hy sal vir ewig aan God se regterhand sit in sy krag.
- Die oordeel slaan ook deur as 'n kontras teenoor God se heerlikheid – sy vyande sal onder die voetbank van sy voete beland.

Vers 14 is eintlik bloot 'n vraag: Moet die engele Hom dan nie dien nie?

- Die skrywer verwag dat ons moet sê: Ja, natuurlik.
- Hy wil hê dat ons dan sal beseft dat ons Hom ook moet dien.

Broeders en susters, ons God is baie magtig en Hy is ook baie genadig.

- Maar Hy is ook ongeduldig wanneer mense nie onvoorwaardelik vir Hom wil luister nie – dan sal Hy sover gaan om hulle te straf.
- Hy het ons van die Ou Testament af al hierdie dinge geleer.

Terwyl ons dan so 'n ryk skat het, kom ons dien hierdie almagtige God met alles wat ons het.

Amen.

Slotgebed

Slotpsalm 119:51 (p. 596)

51 HEER, u woord, dit is gelouterd / en bemind deur my, u kneg,
wat, hoewel hy klein, verag is, / nog aan u bevel bly heg.
U geregtigheid bly ewig, / onveranderlik bestaan,
en u waarheid is 'n waarheid / wat nie wankel of vergaan.

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

Amen.

Dr MJ du Plessis
Hulpdienspredikant
Gereformeerde Kerk Clanwilliam
Datum: 6 Julie 2014